

REMGRO BEPERK

Registrasienuommer 1968/006415/06
ISIN ZAE000026480 Aandelekode REM

TUSSENVERSLAG

ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 DESEMBER 2015 EN VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

HOOFTREKKE

•	Wesensverdienste per aandeel	-1.0%
•	Tussendividend per aandeel	+9.5%
•	Intrinsieke netto batewaarde per aandeel as vergelyk word met 30 Junie 2015:	
➤	31 Desember 2015	-0.7%
➤	11 Maart 2016	+2.8%

REMGRO BEPERK

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE STAND

R miljoen	31 Desember 2015	31 Desember 2014	30 Junie 2015
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	6 131	5 677	5 716
Biologiese landboubates	458	425	550
Beleggingseiendomme	56	47	51
Ontasbare bates	5 658	5 759	5 710
Beleggings - Geëkwiteer	67 014	54 718	57 831
- Ander	3 499	2 811	2 493
Aftreevoordele	225	216	220
Lenings	1 240	935	977
Uitgestelde belasting	35	15	18
	84 316	70 603	73 566
Bedryfsbates			
Voorraad	3 210	3 066	3 118
Biologiese landboubates	540	528	549
Debiteure en korttermynlenings	4 546	3 654	3 837
Beleggings in geldmarkfondse	1 119	782	986
Kontant en kontantekwivalente	3 875	3 628	4 050
Ander bedryfsbates	396	8	52
	13 686	11 666	12 592
Bates gehou vir verkoop*	40	546	8 534
	98 042	82 815	94 692
Totale bates			
EKWITEIT EN LASTE			
Verklaarde kapitaal	3 605	3 605	3 605
Reserwes	77 266	65 564	69 781
Tesourie-aandele	(248)	(281)	(272)
Aandeehouersekwiteit	80 623	68 888	73 114
Nie-beherende belang	2 953	2 695	2 803
Totale ekwiteit	83 576	71 583	75 917
Nie-bedryfslaste	5 589	2 236	5 404
Aftreevoordele	231	268	227
Langtermynlenings	3 672	376	3 547
Uitgestelde belasting	1 686	1 592	1 630
Bedryfslaste	8 877	8 996	13 371
Handels- en ander krediteure	4 369	4 043	4 469
Korttermynlenings	4 411	4 710	366
Ander bedryfslaste	97	72	69
	8 877	8 825	4 904
Laste gehou vir verkoop*	-	171	8 467
	98 042	82 815	94 692
Totale ekwiteit en laste			
Netto batewaarde per aandeel (Rand)			
- Teen boekwaarde	R156.66	R133.93	R142.12
- Teen intrinsieke waarde	R286.96	R284.48	R288.89

* Verwys na "addisionele inligting" op bladsy 7 vir verdere inligting.

REMGRO BEPERK

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

R miljoen	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember	31 Desember	30 Junie
	2015	2014	2015
Verkope	14 255	13 110	25 590
Vorraaduitgawes	(8 795)	(8 537)	(15 267)
Personeelkoste	(2 225)	(2 153)	(4 276)
Waardevermindering	(325)	(299)	(607)
Ander netto bedryfsuitgawes	(2 304)	(1 303)	(3 878)
Handelswins	606	818	1 562
Dividendinkomste	30	15	213
Rente ontvang	130	135	276
Finansieringskoste	(297)	(198)	(371)
Netto waardedaling van beleggings, lenings, bates en klandisiewaarde	(3)	(49)	(288)
Wins met die verkoop van beleggings	234	722	696
Gekonsolideerde wins voor belasting	700	1 443	2 088
Belasting	(75)	(248)	(395)
Gekonsolideerde wins na belasting	625	1 195	1 693
Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings	2 864	3 241	7 228
Netto wins vir die tydperk	3 489	4 436	8 921
Toeskryfbaar aan:			
Ekwiteitshouers	3 342	4 310	8 715
Nie-beherende belang	147	126	206
	3 489	4 436	8 921

GEËKWITEERDE BELEGGINGS

Belang in na-belaste wins van geëkwiteerde beleggings

Wins voor inagneming van waardedalings, nie-herhalende en kapitale items	4 310	4 081	8 332
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	(631)	(158)	(213)
Wins met die verkoop van beleggings	96	35	271
Ander nie-herhalende en kapitale items	(79)	28	62
Wins voor belasting en nie-beherende belang	3 696	3 986	8 452
Belasting	(778)	(690)	(1 129)
Nie-beherende belang	(54)	(55)	(95)
	2 864	3 241	7 228

REMGRO BEPERK

WESENSVERDIENSTE REKONSILIASIE

R miljoen	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember	31 Desember	30 Junie
	2015	2014	2015
Netto wins vir die tydperk toeskryfbaar aan ekwiteithouers	3 342	4 310	8 715
Plus/(minus):			
- Netto waardedaling van geëkwiteerde beleggings	(9)	-	99
- Waardedaling van ander beleggings	-	44	79
- Waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting	12	5	94
- Waardedaling van bates gehou vir verkoop	-	-	16
- Wins met die verkoop van geëkwiteerde beleggings*	(82)	(944)	(984)
- (Wins)/verlies met die verkoop van ander beleggings*	(153)	222	288
- Netto wins met die verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	(18)	(10)	(5)
- Verlies met die verkoop van biologiese landbou Bates	9	-	-
- Nie-wesensverdiensite items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geëkwiteerde beleggings	524	27	(231)
- Netto wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	(90)	(68)	(111)
- Wins met die verkoop van beleggings	(96)	(35)	(271)
- Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	631	158	213
- Ander nie-herhalende en kapitale items	79	(28)	(62)
- Belastinguitwerking van aansuiwerings	1	-	(50)
- Nie-beherende belang	(2)	4	(25)
Wesensverdiensite	3 624	3 658	7 996

* Vir die tydperk onder oorsig het "Wins met die verkoop van geëkwiteerde beleggings" hoofsaaklik bestaan uit 'n wins van R94 miljoen wat met die verkoop van Britehouse gerealiseer is. "(Wins)/verlies met die verkoop van ander beleggings" bestaan uit 'n wins van R153 miljoen wat met die verkoop van Spire aan Mediclinic gerealiseer is. In die vergelykende tydperk het hierdie aanpassings hoofsaaklik bestaan uit 'n wins van R958 miljoen wat gerealiseer is met die verwatering van Remgro se belang in Mediclinic en 'n verlies van R222 miljoen wat gerealiseer is met die verkoop van die belegging in Lashou.

VERDIENSTE EN DIVIDENDE

Sent	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember	31 Desember	30 Junie
	2015	2014	2015
Wesensverdiensite per aandeel			
- Basies	704.4	711.7	1 555.0
- Verwater	699.5	704.2	1 541.8
Verdiensite per aandeel			
- Basies	649.5	838.5	1 694.9
- Verwater	644.7	830.5	1 680.9
Dividende per aandeel			
Gewoon	185.00	169.00	428.00
- Tussen	185.00	169.00	169.00
- Finaal	-	-	259.00

REMGRO BEPERK

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

R miljoen	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember	31 Desember	30 Junie
	2015	2014	2015
Netto wins vir die tydperk	3 489	4 436	8 921
Ander omvattende inkomste, netto van belasting	5 476	(302)	335
Items wat later na die inkomstestaat herklassifiseer kan word:			
Wisselkoersaanpassings	2 175	231	267
Billike waarde aanpassings vir die tydperk	608	(145)	(156)
Uitgestelde belasting op billike waarde aanpassings	(57)	(6)	(34)
Herklassifikasie van ander omvattende inkomste na die inkomstestaat	(635)	26	45
Ander omvattende inkomste van geëkwiteerde beleggings	3 579	34	929
Items wat nie na die inkomstestaat herklassifiseer kan word nie:			
Hermeting van na-aftrede voordeelverpligtinge	7	10	5
Uitgestelde belasting op hermeting van na-aftrede voordeelverpligtinge	(2)	(3)	(2)
Veranderinge in reserwes van geëkwiteerde beleggings	(199)	(449)	(699)
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	8 965	4 134	9 276
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:			
Ekwiteitshouers	8 819	4 008	9 066
Nie-beherende belang	146	126	210
	8 965	4 134	9 276

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

R miljoen	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember	31 Desember	30 Junie
	2015	2014	2015
Saldo aan die begin van die tydperk	75 917	68 634	68 634
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	8 965	4 134	9 276
Dividende betaal	(1 377)	(1 237)	(2 136)
Kapitaal deur minderhede geïnvesteer	31	2	37
Ander bewegings	30	10	25
Langtermyn aandele-aansporingskema-reserwe	10	40	81
Saldo aan die einde van die tydperk	83 576	71 583	75 917

REMGRO BEPERK

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

R miljoen	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember 2015	31 Desember 2014	30 Junie 2015
Kontant uit bedrywighede voortgebring	136	645	1 895
Belasting betaal	(192)	(132)	(397)
Dividende ontvang	2 032	1 382	3 215
Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite	1 976	1 895	4 713
Dividende betaal	(1 377)	(1 237)	(2 136)
Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite	599	658	2 577
Beleggingsaktiwiteite	(5 228)	(744)	(1 151)
Finansieringsaktiwiteite	3 572	(58)	(1 349)
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	(1 057)	(144)	77
Wisselkoerswins op buitelandse kontant	391	71	116
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	3 829	3 636	3 636
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	3 163	3 563	3 829
Kontant en kontantekwivalente – per staat van finansiële stand	3 875	3 628	4 050
Oortrokke bankrekening	(712)	(65)	(221)

ADDISIONELE INLIGTING

	31 Desember 2015	31 Desember 2014	30 Junie 2015
Aantal aandele uitgereik			
- Gewone aandele sonder pariwaarde	481 106 370	481 106 370	481 106 370
- Ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde	35 506 352	35 506 352	35 506 352
Totale aantal aandele uitgereik	516 612 722	516 612 722	516 612 722
Aantal aandele in tesourie gehou			
- Gewone aandele teruggekoop en in tesourie gehou	(1 973 153)	(2 241 656)	(2 169 558)
	514 639 569	514 371 066	514 443 164
Geweegde aantal aandele	514 516 070	513 998 313	514 200 979

In die bepaling van verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel is die geweegde aantal aandele in berekening gebring.

REMGRO BEPERK

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

R miljoen	31 Desember 2015	31 Desember 2014	30 Junie 2015
Genoteerde beleggings			
<i>Geassosieerd</i>			
- Boekwaarde	50 275	38 633	41 533
- Markwaarde	101 272	96 351	97 926
<i>Ander</i>			
- Boekwaarde	1 187	863	902
- Markwaarde	1 187	863	902
Ongenoteerde beleggings			
<i>Geassosieerd</i>			
- Boekwaarde	11 312	11 315	11 336
- Direkteurswaardasies	22 380	23 703	22 516
<i>Gesamentlike ondernemings</i>			
- Boekwaarde	5 427	4 770	4 962
- Direkteurswaardasies	12 818	11 173	13 295
<i>Ander</i>			
- Boekwaarde	2 312	1 948	1 591
- Direkteurswaardasies	2 312	1 948	1 591
Bates en laste gehou vir verkoop			
Gedurende Junie 2015 het Remgro 'n ooreenkoms aangegaan met fondse wat deur Cinven bestuur word om 119 923 335 Spire-aandele (gelykstaande aan 'n 29.9% belang in Spire) te bekom. Saam met hierdie transaksie het Remgro en Mediclinic 'n ooreenkoms aangegaan ingevolge waarvan Mediclinic, onderhewig aan 'n suksesvolle regte-uitgifte, Remgro se belang in Spire sou koop. Totale bates en laste is	-	-	(175)
Belegging	-	-	8 275
Handels- en ander krediteure	-	-	(8 276)
Afgeleide instrumente	-	-	(174)
Verskeie ander bates en laste geklassifiseer as gehou vir verkoop	40	375	242
Bates	40	546	259
Laste	-	(171)	(17)
	40	375	67
Toevoegings tot en vervanging van eiendom, aanleg en toerusting	575	372	853
Kapitaal- en beleggingsverpligtinge	15 231	798	5 847
Al Noor-verkryging	13 656	-	-
Mediclinic regte-uitgifte	-	-	4 135
Verskeie ander verpligtinge (Ingesluit bedrae gemagtig, maar nog nie gekontrakteer nie)	1 575	798	1 712
Waarborge en voorwaardelike aanspreeklikhede	238	306	316
Dividende ontvang vanaf geëkwiteerde beleggings teen beleggings verreken	2 027	1 404	3 077

REMGRO BEPERK

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

Billike waarde hermetings

Die volgende metodes en aannames word gebruik om die billike waarde van elke klas van finansiële instrumente te bepaal:

- Finansiële instrumente beskikbaar vir verkoop en belegging in geldmarkfondse: Billike waarde is gebaseer op gekwoteerde markpryse of, in die geval van ongenoteerde instrumente, toepaslike waardasiemetodologieë. Laasgenoemde sluit die verdiskonteerde kontantvloei-metode, likwidasiewaarde en werklike netto batewaarde van die beleggings in.
- Afgeleide instrumente: Die billike waarde van afgeleide instrumente word bepaal met verwysing na die mark waarin daar met die instrumente handel gedryf word.

Finansiële instrumente wat teen billike waarde gemeet word, word geopenbaar in een van die volgende vlakke van billike waarde hiërargie:

Vlak 1 – Genoteerde pryse (onaangepas) in aktiewe markte vir soortgelyke bates of laste;

Vlak 2 – Insette (anders as genoteerde pryse binne vlak 1) wat waarneembaar is vir die bate of las, direk (as pryse) of indirek (afgelei vanaf pryse); en

Vlak 3 – Insette vir die bate of las wat nie op waarneembare markinligting gebaseer is nie (nie-waarneembare insette).

Die volgende tabelle toon, volgens hiërargievlak, die billike waardes van finansiële bates en laste wat teen billike waarde gemeet word:

R miljoen	<i>Vlak 1</i>	<i>Vlak 2</i>	<i>Vlak 3</i>	Totaal
31 Desember 2015				
Bates				
Beskikbaar vir verkoop	1 187	-	2 312	3 499
Afgeleide instrumente	-	395	-	395
Belegging in geldmarkfondse	1 119	-	-	1 119
	<u>2 306</u>	<u>395</u>	<u>2 312</u>	<u>5 013</u>
Laste				
Afgeleide instrumente	-	14	-	14
31 Desember 2014				
Bates				
Beskikbaar vir verkoop	863	-	1 948	2 811
Afgeleide instrumente	-	6	-	6
Belegging in geldmarkfondse	782	-	-	782
	<u>1 645</u>	<u>6</u>	<u>1 948</u>	<u>3 599</u>
Laste				
Afgeleide instrumente	-	19	-	19
30 Junie 2015				
Bates				
Beskikbaar vir verkoop	902	-	1 591	2 493
Afgeleide instrumente	-	10	-	10
Belegging in geldmarkfondse	986	-	-	986
	<u>1 888</u>	<u>10</u>	<u>1 591</u>	<u>3 489</u>
Laste				
Afgeleide instrumente	-	190	-	190

REMGRO BEPERK

ADDISIONELE INLIGTING (vervolg)

Die volgende tabelle toon die rekonsiliasie van die drawaarde van vlak 3-bates vanaf die begin tot die einde van die tydperk:

R miljoen	31 Desember 2015	31 Desember 2014	30 Junie 2015
Beskikbaar vir verkoop			
Saldo's aan die begin van die tydperk	1 591	1 762	1 762
Toevoegings	59	287	375
Vervreemdings	(29)	(57)	(484)
Wisselkoersaanpassings	348	80	148
Billike waarde aanpassings deur omvattende inkomste	343	(124)	(210)
Saldo's aan die einde van die tydperk	2 312	1 948	1 591

Daar was geen oordragte tussen die verskillende vlakke nie.

Vlak 3 beleggings bestaan hoofsaaklik uit beleggings in die Milestone China entiteite (Milestone), die Kagiso Infrastructure Empowerment Fund (KIEF) en die Pembani Remgro Infrastrukturfonds (PRIF) ten bedrae van R1 734 miljoen, R320 miljoen en R178 miljoen, onderskeidelik. Hierdie beleggings word almal waardeer gegrond op die billike waarde van elke belegging se onderliggende bates, wat op 'n verskeidenheid waardasiemetodes bepaal word. Genoteerde entiteite word waardeer teen die laaste gekwoteerde aandaelprys op die verslagdoeningsdatum terwyl ongenoteerde entiteite se metodes verdiskonteerde kontantvloeï waardasies en toepaslike verdienste- en omsetveelvoude insluit.

Milestone se billike waarde bestaan uit genoteerde beleggings (40%), kontant en kontantekwivalente (5%) en ongenoteerde beleggings (55%). 74% van die ongenoteerde beleggings is gedurende die vorige finansiële jaar verkry en word teen kosprys of 'n daaropvolgende transaksieprys waarteen nuwe beleggers in die onderliggende besighede belê het, waardeer aangesien Milestone se bestuur die transaksieprys as die billike waarde van die belegging beskou. Die oorblywende beleggings is teen ongeveer R243 miljoen waardeer. KIEF se beleggings is waardeer deur van die verdiskonteerde kontantvloeïemete gebruik te maak. PRIF se hoofbates is die belegging in ETG Groep en dit is gewaardeer deur van toepaslike verdienste- en omsetveelvoude, wat gebaseer is op soortgelyke maatskappye, gebruik te maak ten einde 'n prys-tot-boekwaardasie te bepaal.

Veranderinge in die waardasie-aannames van bogenoemde ongenoteerde beleggings sal nie 'n beduidende invloed op Remgro se finansiële state hê nie.

Verwante partytransaksies

In die tydperk onder oorsig het die vernaamste verwante partytransaksies verband gehou met Remgro se fasilitering van Mediclinic se verkryging van Spire, asook Remgro se deelname aan die samevoeging van Mediclinic en Al Noor. Verwys na die afdeling oor "Beleggingsaktiwiteite" vir meer besonderhede rakende hierdie transaksies.

REMGRO BEPERK

KOMMENTAAR

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die tussenverslag word ooreenkomstig die erkennings- en metingsgrondslae van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS), ingesluit *IAS 34: Tussentydse Finansiële Verslagdoening*, en ooreenkomstig die vereistes van die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig, en die Noteringsvereistes van die JSE Beperk opgestel. Die finansiële state is onder die toesig van die hoof finansiële beampte, Leon Crouse GR(SA), opgestel. Die finansiële state is nie geouditeer of nagesien nie.

Hierdie finansiële state inkorporeer rekeningkundige beleid wat in ooreenstemming met dié van die vorige finansiële tydperke is.

2. RESULTATE

Wesensverdiensle

Wesensverdiensle vir die tydperk onder oorsig het met 0.9% vanaf R3 658 miljoen tot R3 624 miljoen afgeneem, terwyl wesensverdiensle per aandeel met 1.0% vanaf 711.7 sent tot 704.4 sent afgeneem het.

Ingesluit in die wesensverdiensle vir die tydperk onder oorsig is sekere eenmalige items ten bedrae van R128 miljoen wat met die transaksiekoste aangegaan tydens die Mediclinic regte-uitgifte en Al Noor-transaksies, verband hou. Wesensverdiensle, uitgesluit hierdie items, het met 2.6% vanaf R3 658 miljoen tot R3 752 miljoen toegeneem en wesensverdiensle per aandeel het met 2.5% vanaf 711.7 sent tot 729.2 sent toegeneem.

Bydrae tot wesensverdiensle deur rapporteringskategorieë

R miljoen	Ses maande geëindig			Jaar geëindig	
	31 Des 2015	% Verandering	31 Des 2014	30 Junie 2015	
Voedsel, drank en huishoudelike sorg	1 250	28.3	974	1 531	
Bankwese	1 386	2.9	1 347	2 845	
Gesondheidsorg	787	17.5	670	1 734	
Versekering	455	(17.1)	549	986	
Nywerheid	5	(28.6)	7	381	
Infrastruktuur	74	(18.7)	91	392	
Media en sport	(28)	(354.5)	11	(16)	
Ander beleggings	31	(20.5)	39	84	
Sentrale tesourie					
- finansieringsinkomste	77	35.1	57	111	
- finansieringskoste	(219)	-	-	-	
Ander netto korporatiewe koste	(194)	(123.0)	(87)	(52)	
Wesensverdiensle	3 624	(0.9)	3 658	7 996	

Verwys na Bylae A en B vir segmentinligting.

Kommentaar op rapporteringskategorieë se vertoning

Voedsel, drank en huishoudelike sorg

Die bydrae van voedsel, drank en huishoudelike sorg tot Remgro se wesensverdiensle het R1 250 miljoen (2014: R974 miljoen) bedra, wat 'n verhoging van 28.3% is. RCL Foods se bydrae tot Remgro se wesensverdiensle het met 23.0% tot R582 miljoen (2014: R473 miljoen) toegeneem. Die toename is hoofsaaklik die gevolg van die vrystelling van R163 miljoen wat verband hou met 'n voorsiening wat as deel van die Foodcorp-verkryging vir onsekere belastingdispute gemaak is. Uitgesluit hierdie hermeting sou RCL Foods se bydrae tot Remgro se wesensverdiensle met 3.6% tot R456 miljoen afgeneem het. In die tydperk onder oorsig het RCL Foods se kruideniersware, pasteie, spesialiteite, drank, dierevoedsel en logistieke besighede goed presteer, maar die suiker- en hoender besighede het onder druk gebly as gevolg van erge droogtetoestande en die styging in mielie- en koringpryse onderskeidelik. Unilever se bydrae tot Remgro se

REMGRO BEPERK

wesensverdienste het met 57.4% tot R307 miljoen (2014: R195 miljoen) toegeneem, hoofsaaklik vanweë omsetgroei en verbeterde marges. Distell se bydrae tot wesensverdienste, wat die belegging in Capevin Holdings insluit, het R361 miljoen (2014: R306 miljoen) bedra en is hoofsaaklik die gevolg van omsetgroei en doeltreffendheidsverbeterings regdeur die onderneming. Distell het sterk groei ervaar in alle produkkategorieë en het ook voordeel getrek uit die swakker rand teenoor die vernaamste geldeenhede waarin dit handel dryf.

Bankwese

Die wesensverdienstebydrae van die bankafdeling het R1 386 miljoen (2014: R1 347 miljoen) bedra, wat 'n toename van 2.9% verteenwoordig. FirstRand en RMBH het wesensverdiensstegroei van 5.0% en 2.3% onderskeidelik gerapporteer, hoofsaaklik as gevolg van groei in beide rente- en nie-rente-inkomste deur FNB, RMB en WesBank. Op 'n genormaliseerde basis het FirstRand en RMBH verdienstegroei van onderskeidelik 9.2% en 8.9% gerapporteer.

Gesondheidsorg

Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R787 miljoen (2014: R670 miljoen) bedra. Dit is hoofsaaklik vanweë 'n stewige vertoning deur al drie bedryfskategorieë, sowel as die positiewe effek van die swakker rand. Die wesentlike korporatiewe aksie wat Mediclinic gedurende die tydperk onder oorsig onderneem het, het nie 'n wesentlike impak op Remgro se resultate vir hierdie verslagdoeningstydperk gehad nie, maar sal wel die resultate van die tweede ses maande beïnvloed.

Versekering

RMI Holdings se bydrae tot wesensverdienste het met 17.1% tot R455 miljoen afgeneem, hoofsaaklik weens 'n eenmalige wins in die vergelykende tydperk met die vrystelling van 'n verkoopsopsie-verpligting by Discovery, wat uitgesluit is by RMI Holdings se genormaliseerde verdienste. Op 'n genormaliseerde basis het RMI Holdings 'n toename van 3.6% in verdienste gerapporteer, met Discovery en OUTsurance, wat goeie verdienstegroei van onderskeidelik 7.5% en 24.7% getoon het, teengewerk deur laer verdienste vanaf MMI Holdings (laer met 8.9%).

Nywerheid

Total se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R51 miljoen (2014: 'n verlies van R112 miljoen) bedra. Ingesluit in dié bydrae in die tydperk onder oorsig is 'n aansienlike ongunstige voorraadherwaardasie ten bedrae van R144 miljoen (2014: ongunstige voorraadherwaardasie van R275 miljoen). Hierdie herwaardasie is die gevolg van die volatiliteit in die Brent-ruolieprys en die randwisselkoers. Met uitsluiting van hierdie herwaardasie het die bydrae met 19.6% van R163 miljoen tot R195 miljoen toegeneem. Remgro se aandeel in die resultate van KTH het 'n verlies van R260 miljoen (2014: verlies van R62 miljoen) bedra. KTH se resultate is negatief beïnvloed deur ongunstige billike waarde aanpassings wat verband hou met die beleggings in Exxaro Resources Beperk en MMI Holdings Beperk voorkeuraandeel. Air Products en Wispeco se bydrae tot wesensverdienste bedra R142 miljoen en R54 miljoen onderskeidelik (2014: R108 miljoen en R48 miljoen), terwyl PGSI R18 miljoen (2014: R25 miljoen) tot Remgro se wesensverdienste bygedra het.

Infrastruktuur

Grindrod se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R43 miljoen (2014: R76 miljoen) bedra. Die afname was hoofsaaklik weens swak kommoditeitsmarkte en wesentlike laer droëvrag-verskepingstarief. In die tydperk onder oorsig het die CIV-groep R35 miljoen (2014: R5 miljoen) tot wesensverdienste bygedra. SEACOM het 'n wesensverlies van R111 miljoen (2014: wesensverdienste van R40 miljoen) vir die tydperk onder oorsig gerapporteer en Remgro se deel van die verlies het R28 miljoen (2014: wins van R8 miljoen) bedra. Die afname is hoofsaaklik weens hoër waardeverminderingkoste op sekere kabelbates as gevolg van 'n verandering in die verwagte bruikbare leeftyd van hierdie bates.

Media en sport

Media- en sportbelange bestaan hoofsaaklik uit die belegging in eMedia en verskeie sportbelange, insluitende die belange in rugby-franchises, sowel as die Stellenbosch Academy of Sport. eMedia se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 75.0% afgeneem tot R11 miljoen (2014: R44 miljoen), hoofsaaklik weens laer advertensie-inkomste en nuwe besigheidontwikkelingskoste. Die sportbelange se bydrae tot wesensverdienste bedra 'n verlies van R39 miljoen (2014: verlies van R33 miljoen).

Ander beleggings

Die bydrae deur ander beleggings tot wesensverdienste het R31 miljoen (2014: R39 miljoen) bedra, waarvan Business Partners se bydrae R21 miljoen (2014: R20 miljoen) was.

Sentrale tesourie en ander netto korporatiewe koste

Finansieringsinkomste het R77 miljoen (2014: R57 miljoen) bedra, hoofsaaklik vanweë hoër gemiddelde kontantbalanse, sowel as hoër rentekoerse as in die vergelykende tydperk. Finansieringskoste bestaan uit rente

REMGRO BEPERK

van R91 miljoen, wat verband hou met die R3.5 miljard wat geleen is om aan Mediclinic se regte-uitgifte deel te neem, sowel as die eenmalige transaksiekoste van R128 miljoen ten opsigte van oorbruggingsfinansiering vir Mediclinic se regte-uitgifte en die Al Noor-transaksies. Ander netto korporatiewe koste het R194 miljoen (2014: R87 miljoen) bedra. Die tydperk onder oorsig sluit transaksie- en finansieringskoste ten bedrae van R114 miljoen in wat verband hou met Remgro se verkryging van Spire Healthcare Group plc (Spire). Remgro het hierdie bedrag van Mediclinic verhaal as deel van die Spire-verkoopsom, wat 'n wins met die verkoop van 'n belegging van R153 miljoen buite wesensverdienste tot gevolg gehad het.

Totale verdienste

Totale verdienste het met 22.5% tot R3 342 miljoen (2014: R4 310 miljoen) afgeneem. Hierdie afname is hoofsaaklik weens die wins van R958 miljoen wat in die vergelykende tydperk met die verwatering van Remgro se belang in Mediclinic gerealiseer is, toe Mediclinic 'n aandeel-uitgifte gedoen het waaraan Remgro nie deelgeneem het nie.

3. INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel het met 0.7% vanaf R288.89 op 30 Junie 2015 tot R286.96 op 31 Desember 2015 afgeneem. Verwys na Bylaag B vir volle besonderhede.

Op 11 Maart 2016 was die intrinsieke netto batewaarde per aandeel R297.11 (met verwysing na opgedateerde markinligting en beleggingsaktiwiteite tot datum) wat 'n toename van 2.8% vanaf R288.89 op 30 Junie 2015 verteenwoordig.

4. BELEGGINGSAKTIWITEITE

Die belangrikste beleggingsaktiwiteite gedurende die tydperk onder oorsig was soos volg:

Mediclinic International Beperk (Mediclinic)

Fasilitering van Mediclinic se verkryging van Spire

In Junie 2015 het Remgro 'n ooreenkoms aangegaan met fondse wat deur Cinven bestuur word om 119 923 335 Spire-aandele (gelykstaande aan 'n belang van 29.9% in Spire) te bekom teen 'n prys van £3.60 per aandeel vir 'n totale koopsom van £431.7 miljoen (transaksiekoste uitgesluit). Die transaksie is vroeg in Julie 2015 afgehandel en Remgro het dit deur 'n kombinasie van eie kontant, asook eksterne finansiering, befonds.

Hiermee saam het Remgro en Mediclinic 'n ooreenkoms aangegaan waarvolgens laasgenoemde Remgro se belang in Spire sou bekom onderhewig daaraan dat Mediclinic die nodige fondse vind om sodanige transaksie te voltrek. In Augustus 2015 het Mediclinic R10.0 miljard gewerf deur 'n regte-uitgifte, ingevolge waarvan 111 111 111 nuwe Mediclinic-aandele teen 'n prys van R90.00 per aandeel uitgereik is. Deur sy regte te volg en die balans van die regte-uitgifte te onderskryf, het Remgro op 'n bykomende 51 342 886 Mediclinic-aandele ten bedrae van R4.6 miljard ingeskryf. Na die suksesvolle afhandeling van die regte-uitgifte het Mediclinic in Augustus 2015 Remgro se belang in Spire vir 'n bedrag van R8.6 miljard, gelykstaande aan die aankoopprys, transaksie- en finansieringskoste, verkry. Remgro het dus net die verkryging van Spire deur Mediclinic gefasiliteer.

Ten einde aan bogenoemde regte-uitgifte deel te neem, het Remgro oorbruggingsfinansiering ten bedrae van R3.5 miljard bekom. In Januarie 2016 het Remgro, (deur sy volfiliaal, Remgro Healthcare Holdings Eiendoms Beperk (Remgro Healthcare)), die oorbruggingsfinansiering vervang deur die uitreiking van vastekoers-kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele. Hierdie voorkeuraandele het 'n termyn van vier jaar, met 'n vaste dividendkoers van 7.7%, halfjaarliks betaalbaar.

Op 31 Desember 2015 was Remgro se effektiewe belang in Mediclinic 42.5% (30 Junie 2015: 42.0%).

Samevoeging van Mediclinic en Al Noor Hospitals Group plc (Al Noor)

Op 14 Oktober 2015 het Mediclinic en Al Noor oor die voorwaardes vir die samevoeging van hul onderskeie besighede (die "Samevoeging") ooreengekom ingevolge waarvan Al Noor aangebied het om 100% van die uitgereikte aandeelkapitaal van Mediclinic te verkry. Die transaksie is op 15 Februarie 2016 afgehandel en gegewe die relatiewe grootte van Mediclinic en Al Noor is die Samevoeging as 'n omgekeerde oornome van Al Noor geklassifiseer. Die gekombineerde groep staan as Mediclinic International plc (Mediclinic plc) bekend en het sy primêre notering op die hoofmark van die LSE behou. Mediclinic plc het ook 'n inwaartse sekondêre

REMGRO BEPERK

notering op die hoofmark van die JSE verkry en sal na verwagting tot die FTSE 100-indeks van die LSE toegelaat word. Mediclinic-aandehouers het 0.625 Al Noor-aandele ontvang vir elke Mediclinic-aandeel gehou, gegrond op die 5 dae volume geweege gemiddelde prys tot en met 1 Oktober 2015 van die Mediclinic-aandele op die JSE en die Al Noor-aandele op die LSE (wat onderskeidelik £5.20 en £8.32 was).

Bykomend tot die Al Noor-aandele wat Remgro ontvang het, en as 'n onderliggende komponent van die Samevoeging, het laasgenoemde ook gedurende Februarie 2016 op 'n addisionele 72 115 384 aandele in Al Noor ingeskryf teen 'n toekenningsprys van £8.32 per aandeel vir 'n totale bedrag van £600 miljoen (die "Remgro Subskripsie"). Ten einde die Remgro Subskripsie te befonds, het Remgro oorbruggingsfinansiering verkry waarvan £400 miljoen in die buiteland geleen is, terwyl £200 miljoen (of R4.3 miljard) in Suid-Afrika bekom is. In Maart 2016 sal Remgro (deur sy volfiliaal, Remgro Healthcare) die plaaslike oorbruggingsfinansiering deur die uitreiking van nuwe vastekoers-kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele ten bedrae van ongeveer R4.4 miljard vervang. Die voorkeuraandele het 'n termyn van vyf jaar en 'n vaste dividendkoers van 8.3%, halfjaarliks betaalbaar.

Na die Samevoeging en die Remgro Subskripsie was Remgro se effektiewe belang in Mediclinic plc 44.6%.

Britehouse Holdings Eiendoms Beperk (Britehouse)

Gedurende September 2015 het Remgro sy belang in Britehouse verkoop teen 'n totale koopsom van R159.9 miljoen. 'n Wins van R93.7 miljoen is met hierdie transaksie gerealiseer wat by wesensverdienste uitgesluit is.

Milestone China-fondse

In die tydperk onder oorsig het Remgro die oorblywende leningsverpligting van \$6.9 miljoen in Milestone Capital Strategic Holdings belê. Remgro het ook 'n bykomende \$3.5 miljoen in Milestone China Opportunities Fund III (Milestone III) belê en daardeur sy kumulatiewe belegging in Milestone III tot \$90.0 miljoen verhoog. Op 31 Desember 2015 het die oorblywende verpligting ten opsigte van Milestone III \$10.0 miljoen bedra.

Ander

Ander kleiner beleggings het R75 miljoen bedra.

Gebeure na 31 Desember 2015

Behalwe vir die bogenoemde Mediclinic transaksies, was daar geen wesentlike transaksies sedert 31 Desember 2015 nie.

5. INLIGTING MET BETREKKING TOT ONGENOTEERDE BELEGGINGS

Unilever South Africa Holdings Eiendoms Beperk (Unilever)

Unilever het 'n 31 Desember-jaareinde, maar sy resultate vir die ses maande tot 31 Desember 2015 is ekwiteitsverantwoord in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig. Unilever se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het in die ses maande onder oorsig met 57.4% tot R307 miljoen (2014: R195 miljoen) toegeneem danksy goeie omsetgroei en verbeterde marges.

Unilever se herstruktureringkoste vir die ses maande onder oorsig het R35 miljoen (2014: R79 miljoen) bedra en is gedryf deur die belegging in die Boksburg-vloeistowwefabriek, wat daarop gemik is om kostedoeltreffendheid en die sentralisering van Unilever se vervoeraankope, beplanning en uitvoering te bewerkstellig.

Air Products South Africa Eiendoms Beperk (Air Products)

Air Products het 'n September-jaareinde, maar sy resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2015 is by dié van Remgro ingesluit vir die tydperk onder oorsig. Air Products se bydrae tot Remgro se wesensverdienste in dié periode het met 31.5% tot R142 miljoen (2014: R108 miljoen) toegeneem.

Omset van Air Products het vir die ses maande geëindig 30 September 2015 met 30.7% tot R1 363 miljoen (2014: R1 043 miljoen) toegeneem, terwyl die maatskappy se bedryfswins in dieselfde tydperk met 32.7% tot R426 miljoen (2014: R321 miljoen) toegeneem het. Die resultate van die huidige tydperk is positief beïnvloed deur die inwerkingtreding van nuwe langtermyn-tonnemaatkontrakte.

Air Products is die grootste vervaardiger van nywerheidsgasse in Suidelike Afrika en is ook 'n invoerder en verspreider van verskillende spesialiteitsgasse en chemiese produkte wat aan 'n wye verskeidenheid nywerhede, waaronder staal, chemikalieë, olieraffinerings, hulpbronminerale, glas, pulp en papier, voedselverpakking, asook algemene vervaardiging, fabriekswese en sweiswerke verskaf word.

REMGRO BEPERK

Die grootmaat vloeistof- en verpakte gasvolumes bly onder druk weens die lae vlakke van vervaardigingsbedrywighede wat tans ervaar word.

Kagiso Tiso Holdings

KTH is 'n toonaangewende swart beleggingsmaatskappy met 'n gediversifiseerde bateportefeulje, wat die volgende sektore insluit: hulpbronne, nywerheid, media, finansiële dienste, gesondheidsorg, eiendom en inligtingstechnologie.

KTH se bydrae tot Remgro se wesensverdiensle vir die jaar onder oorsig behels 'n verlies van R260 miljoen (2014: wesensverlies van R62 miljoen). Die daling in verdiensle was hoofsaaklik te wyte aan KTH se netto toeskryfbare aandeel in die negatiewe billike waarde-aanpassings ten opsigte van die ekwiteitsbelegging in Exxaro Resources Beperk (R317 miljoen) en voorkeuraandele in MMI Holdings Beperk (R263 miljoen).

Inkomste uit geëkwiteerde beleggings het effens tot R245 miljoen (2014: R219 miljoen) toegeneem, met die belangrikste bydrae dié van die belegging in MMI Holdings Beperk. Netto finansieringskoste het tot R209 miljoen (2014: R176 miljoen) toegeneem weens die skuld wat aangegaan is om verkrygings gedurende die tydperk te finansier.

Total South Africa Eiendoms Beperk (Total)

Total het 'n Desember-jaareinde, en gevolglik is sy resultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2015 in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. Total se bydrae tot Remgro se wesensverdiensle vir die ses maande tot 31 Desember 2015 het R51 miljoen (2014: wesensverlies van R112 miljoen) bedra.

Die resultate is negatief beïnvloed deur verliese van R802 miljoen (2014: verlies van R1 535 miljoen) in voorraadherwaardering weens die daling in die internasionale olieprys van VSA\$61 per vat op 30 Junie 2015 tot VSA\$37 per vat op 31 Desember 2015.

Total se omset vir die ses maande geëindig 31 Desember 2015 was R26 195 miljoen (2014: R25 292 miljoen). Dié positiewe resultaat is behaal danksy 'n verhoging in die geregleerde marge wat in Desember 2014 toegestaan is, asook gunstige verkoopsvolumes in die mynbedryf.

Daar was geen verhoging in die groothandelsmarge in die tydperk nie. Die loodsing van RAS (verdeling van die geregleerde marge tussen klein- en groothandel) het, soos verwag is en vanweë die heronderhandeling van handelaarskontrakte, min impak op Total se bedryfswins gehad.

Die maatskappy verskerp tans sy belegging by depots en vulstasies met betrekking tot gesondheids- en veiligheidsaspekte, asook omgewings- en gehaltebeperkings.

NATREF (waarin Total 'n belang van 36.4% het) het in die tydperk onder oorsig 'n verbetering in raffineringsmarges ervaar vergeleke met 2014, danksy die gesamentlike effek van 'n beter ekonomiese omgewing vir raffineerders, gunstige wisselkoersbewegings en 'n beter bedryfsvertoning deur raffinaderye.

PGSI Beperk (PGSI)

PGSI se bydrae tot Remgro se wesensverdiensle vir die ses maande tot 31 Desember 2015 het R18 miljoen (2014: R25 miljoen) bedra. PGSI se omset in dié tydperk onder oorsig het onveranderd op R1 975 miljoen gebly (2014: R1 974 miljoen). Die groep se genormaliseerde bedryfswins, wat die impak van batewaardedalinge uitsluit, het van R141 miljoen tot R135 miljoen afgeneem namate die groep voortgaan om in moeilike marktoestande, veral in die motorbedryf, sake te doen.

Die groep se vernaamste bedryfsfiliaal in Suid-Afrika, PG Group, vervaardig en verskaf glas aan die bou- en motorbedryf. Die groep se resultate vir die twee nywerhede was gemeng, met goeie groei wat in die boubedryf gerapporteer is, hoewel dit nie genoeg was om die daling in winsgewendheid in die motorbedryf teen te werk nie.

Die groep het positiewe groei in die resultate van die bouafdeling in 2015 getoon ondanks die uitdagende ekonomiese klimaat en die swak aanvraag. Daar was 'n aansienlike rasionalisasie in afdelingstrukture ten einde bedryfsdoeltreffendheid en -winsgewendheid te verbeter, asook bemoedigende winsgroei in die "Res van Afrika"-markte. Die swakker rand het uitvoermarges verbeter en dit het die groep in staat gestel om meer mededingend in die plaaslike mark te wees teenoor ingevoerde voorraad. Energiedoeltreffende glasoplossings vir geboue en gepaardgaande bouregulasies skep opwindende geleenthede in die residensiële bousektor en die groep is goed geplaas om met mededingende produkaanbieding van hoë gehalte marktaandeel te wen.

REMGRO BEPERK

Die swakker vertoning deur PG Group in die motorafdeling was te wyte aan die ekonomiese druk op verbruikers, minder eise deur die versekeringsbedryf en 'n swakker vraag in uitvoermarkte. Ten einde die daling in markaandeel die hoof te bied, het die groep die Safevue-reeks waarde-vir-geld-voorruike bekend gestel vir die hoë volume motorglas-naverkopemark in Suid-Afrika. Daarby bied die gepatenteerde Glass Medic herstelvermoë en die "herstel-voor-vervang"-aanbod 'n reeks bekostigbare opsies aan die groep se klante om hul motorglaskostes te bestuur. Die Shatterprufe-afdeling het goeie vordering gemaak ten opsigte van die verbetering van doeltreffendhede, kostebesparings en hoër opbrengste en die huidige vlakke van die rand sal die groep se mededingende posisie in 2016 versterk, veral in die uitvoermark waar 'n strategiese ooreenkoms aangegaan is om produkte vir die uitvoermark te ontwikkel.

Die groep het sy banklenings in Februarie 2015 herfinansier teen gunstiger koerse wat tot laer finansieringskoste gelei het. Die nuwe bankfasiliteite bied die geleentheid vir beleggings in kapitaalprojekte om bedryfbehoeftes, gemik op verhoogde markvereistes, aan te spreek.

Die groep se bouprodukteafdeling sal na verwagting voortgaan om beter te vaar as die huidige geskatte ekonomiese groeivooruitsigte danksy klantgefokuse inisiatiewe en nuwe produkaanbiedinge.

Wispeco Holdings Eiendoms Beperk (Wispeco)

Wispeco se omset vir die ses maande tot 31 Desember 2015 het met 27% tot R1 064 miljoen (2014: R838 miljoen) toegeneem. Die styging is die gevolg van effense hoër verkoopspryse vanweë hoër grondstofpryse, 'n 5%-styging in verkoopsvolumes en die bykomende inkomste wat deur Pressure Die Casting Eiendoms Beperk (PDC) gegeneer is. Wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het met 12.5% tot R54 miljoen (2014: R48 miljoen) toegeneem. Verkoopsvolumes bly onder druk weens intense prysmededinging met invoere.

'n Aantal opwindende projekte is in die tydperk voltooi, waarvan die vernaamste die inwerkingstelling van die negende ekstrusie-aanleg in September 2015 was. Die installering van die eerste vertikale poeierbedekkingsaanleg in Afrika nader voltooiing en produksie behoort in Maart 2016 te begin. Die belegging in PDC is nou gevestig en die besigheid gaan voort om die meeste van sy produkte uit te voer en sodoende die geleentheid te benut wat die swakker rand bied.

Wispeco speel steeds 'n leidende rol in die ontwikkeling van aluminiumprodukte en sagteware-oplossings vir die argitektoniese aluminiumbedryf. Die maatskappy verwerf ook bekendheid op industriële gebied namate dit dieper in die nywerheidsgebruik van aluminium-uitpersprodukte indring. Die stadsprofiel van Sandton word gekenmerk deur baie opvallende nuwe toringgeboue waarin Sheerline Solutions 'n belangrike rol gespeel het. Wispeco het sy vlak 4-SEB-status behou en gaan voort om baie tyd en aandag te bestee om voorheen benadeeldes en jong individue met gestremdhede in die veld van aluminiumverwerking te skool.

Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIV-groep)

Remgro het 'n effektiewe belang van 50.9% in die CIV-groep, wat in die telekommunikasie- en inligtingstegnologiesektor bedrywig is. Die hoofbedryfsmaatskappy van die groep is Dark Fibre Africa Eiendoms Beperk (DFA), wat optiese veselnetwerke oprig en besit.

Die CIV-groep het 'n Maart-jaareinde en gevolglik is die resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2015 in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. Die CIV-groep se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir dié tydperk onder oorsig het R35 miljoen (2014: R5 miljoen) bedra, gedryf deur verhoogde omset en bedryfsresultate van DFA.

DFA se omset vir die ses maande geëindig 30 September 2015 het met 13.5% tot R529 miljoen (2014: R466 miljoen) toegeneem danksy stewige groei van 20.7% in annuïteitsinkomste. DFA se verdienste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie het in die tydperk onder oorsig met 10.9% tot R347 miljoen toegeneem. Die huidige boekwaarde van die optiese veselnetwerk oorskry tans R5 miljard. DFA het tot dusver daarin geslaag om gesonde annuïteitsinkomste van R77 miljoen per maand te beding, die meeste daarvan via langtermynkontrakte met klante.

Een van die hoof bedryfsuitdagings wat DFA ervaar, is die stadiger as verwagte bouperseel/laaste myl-koppeling by kliënte wat DFA se vermoë beïnvloed om mobiele bedryfsbasisse, of besigheidskliënte, met die veselnetwerk te verbind. Dit veroorsaak 'n vertraging in die generering van annuïteitsinkomste om verhoogde waardevermindering en finansieringskoste verbonde aan die uitbreiding van die netwerk teen te werk. DFA ervaar ook vertraging ten opsigte van padverlofregte deur plaaslike owerhede, wat hul eie veselnetwerke beplan, en die eienaars van eiendom wat toegang tot geboue verhinder. Om die risiko van die stadige "laaste myl"-implementering te verminder, het DFA op 1 April 2014 die Conduct Telecommunication-besigheid verkry, wat nou ten volle geïntegreer is by DFA. Laasgenoemde het sy "vesel-na-besigheid"-implementering

REMGRO BEPERK

in April 2015 begin en het reeds die toegang tot 2 481 geboue voltooi, wat 'n bykomende 6 009 eindgebruikers op 30 September 2015 tot die netwerk gevoeg het. Die meeste van DFA se kliënte het hul aanvanklike kontrakperiodes van vyf jaar tot 10 of 15 jaar verleng. Op 30 September 2015 was die netwerk se bedryfstyd 'n uitstekende 99.99%.

Op 30 September 2015 was 'n veselnetwerk oor 'n totale afstand van 8 839 km (September 2014: 7 910 km) voltooi in die belangrikste stedelike gebiede en op langafstandroetes.

Mobiele truerverbinding is 'n belangrike groeiarea vir DFA vanweë die groeiende vraag na mobiele breëband. DFA beskik tans oor 7 878 (September 2014: 6 660) basisontvangstasies op die netwerk, wat drie van die vier mobiele operateurs dek. Die volgende groeiarea vir DFA sal die besigheidsmark en die openbare sektor wees, wat beide 'n toename in vraag die afgelope twee jaar getoon het. DFA het 4 590 besigheidsverbindings en ontwikkel nuwe produkte om die vraag in hierdie mark die hoof te bied. DFA monitor en hou 'n totaal van 11 178 (September 2014: 8 523) kliëntekringe in stand.

DFA is ook deel van 'n konsortium wat in die proses is om veselaansluiting aan Gauteng se provinsiale regeringsgeboue en omliggende skole te verskaf as deel van 'n afsonderlike projek om die eerste 100 skole te verbind. Die maatskappy het ook begin met die konsep van "vesel-na-die-huis"-projekte in geselekteerde woongebiede in Johannesburg. Daarbenewens is die Ekurhuleni (EMM)-tender ter waarde van R201 miljoen aan DFA toegeken. Daar is in Februarie 2016 met die projek begin en 30% daarvan sal na verwagting teen 31 Maart 2016 voltooi wees (finansiële jaareinde).

DFA het kommersiële verhuringsooreenkomste aangegaan met 88 (September 2014: 64) kliënte wat oor elektroniese kommunikasie-netwerklisensies beskik. Dit sluit van die grootste spelers in, asook banke en klein nisoperateurs. Die inkomstemodel is buigsaam om by kliënte se behoeftes aan te pas en DFA verkoop of onvervreembare gebruiksregkontrakte, wat 'n eenmalige voorafbetaling vereis, of meerjarige kontrakte tot en met 15 jaar op 'n annuïteitsgrondslag. Tans bestaan nagenoeg 84% van die totale inkomste uit annuïteitsinkomste. Die toekomstige waarde van huidige annuïteitskontrakte beloop meer as R9 miljard. DFA se verlies aan herhalende klante is tans minder as 1%.

SEACOM Capital Beperk (SEACOM)

Remgro het 'n effektiewe belang van 25% in SEACOM, wat Afrika se grootste internasionale datanetwerk bedryf en wat Suider- en Oos-Afrika met Europa en Asië verbind.

SEACOM het 'n Desember-jaareinde, maar sy resultate vir die ses maande tot 31 Desember 2015 is by dié van Remgro ingesluit vir die tydperk onder oorsig. SEACOM se bydrae tot Remgro se wesensverdiensle vir die tydperk onder oorsig behels 'n verlies van R28 miljoen (2014: wesensverdiensle van R8 miljoen). Die afname in verdienste is hoofsaaklik weens hoër waardeverminderingskoste op sekere kabelbates as gevolg van 'n verandering in die verwagte bruikbare leeftyd van hierdie bates, wat nie enige uitwerking op bedryfskontantvloei het nie. In 2015 het SEACOM ook, onder die vaandel van "SEACOM Business", dienste direk aan die korporatiewe mark bekend gestel. Groei in hierdie nuwe marksegment het bedryfskoste marginaal verhoog aangesien klante gewerf moet word en inkomste nou eers 'n toename begin toon.

SEACOM verskaf hoëkapasiteit internasionale dataverbindingsdienste, met lae latentheid, aan kliënte in die vorm van private datatransmissie en openbare IP-gebaseerde dienste. Hierdie dienste word gewoonlik as 12 tot 36 maandlange huurkontrakte verkoop, en as langtermyn onvervreembare gebruiksregkontrakte, wat vooruitbetalings, asook jaarlikse instandhoudingskoste oor die termyn, insluit. Vooruitbetalings ten opsigte van hierdie kontrakte word oor die volle termyn van 15 tot 20 jaar verantwoord.

SEACOM se verkope en inkomste spruit steeds uit sy gevestigde kern van groothandel-diensverskaffers, wat ook die grondslag is vir skaalgroote netwerke, kostebesparings en diensinnovasie. SEACOM Business verskaf die platform vir toekomstige groei en groter winsgewendheid namate die aantal en grootte van korporatiewe klante toeneem. SEACOM Business het in 2015 meer as 250 korporatiewe klante bygekry, wat 'n gesonde vertrekpunt bied om verkope en inkomste in 2016 te verhoog. Terselfdertyd werk SEACOM saam met vennote om te verseker dat verbindings met korporatiewe klante via optiese veseloplossings geskied, wat voorsiening maak vir toekomstige opgraderings soos data-aanvraag toeneem en luggebaseerde IT-oplossings die norm word.

eMedia Investments Eiendoms Beperk (eMedia)

Remgro het 'n effektiewe belang van 32.3% in eMedia (voorheen bekend as Sabido) wat oor 'n reeks mediabelange beskik, insluitende Suid-Afrika se enigste onafhanklike gratis televisiekanaal, e.tv, sy nuusdienssuster, eNews Channel Africa (eNCA), gratis kyk satellietplatform Platco Digital, die Gauteng-gebaseerde radiostasie, Yfm, en verskeie ateljeegeriewe en produksie-ondernemings.

REMGRO BEPERK

eMedia het 'n Maart-jaareinde en gevolglik is die maatskappy se resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2015 by dié van Remgro ingesluit vir die tydperk onder oorsig. eMedia se bydrae tot Remgro se wesensverdiens vir die tydperk onder oorsig het R11 million (2014: R44 million) bedra.

'n Strategiese bestuursbesluit van eMedia om van sommige nie-kernbesighede in die groep en entiteite wat onderpresteer ontslae te raak deur dit te verkoop of te sluit, het die volgende geraak: die vervaardigingsafdeling van 'n dokumentêre eenheid in Sabido Productions en die Natural History Unit, die eNCA Afrika-afdeling, e.tv China, Setanta en die Africa Channel. Die groep fokus steeds op sy kern-Suid-Afrikaanse bedrywighede, te wete e.tv, eNCA, e.tv Multikanaal, Openview HD (Platco), en sy radio-, produksie- en eiendomsbelange. Die groep gaan ook voort met sy strategie om sy multikanaal- en Openview HD-platform te ontwikkel en R112 miljoen is in die tydperk onder oorsig hierin belê. Hierdie beleggings, hoewel duur en tans verliesmakend in die afwesigheid van beduidende inkomste weens 'n vertraging met die loods van digitaal terrestrïele televisie (DTT), en die stadiger as verwagte opneem van seinbokse, is nodig vir die toekomstige daarstelling van inhoudontwikkeling en kanaalskepping. eMedia het egter onlangs begin om beleggings te verhoog om die bekendstelling van seinbokse te bespoedig en dit het hom in staat gestel om die vlak van 330 000 seinbokse in Desember 2015 te bereik.

Bogenoemde faktor, sowel as die nadelige ekonomiese klimaat en die daling in marktaandeel teen die einde van die laaste finansiële jaar, het advertensie-inkomste onder druk gehou. Die loodsing van 'n nuwe programskeudule op 1 Maart 2015 en die verhoogde investering in plaaslike programinhoud het die daling in marktaandeel gestuit en dit is vir die bestuur aangenaam om te rapporteer dat kykergetalle volgehoue verbetering getoon het sedert Maart 2015 en teen Augustus 2015 andermaal die vlakke bereik het wat vroeër deur e.tv as aanvaarbaar beskou is. Vanweë die vertragingseffek van inkomste gemeet teen verhoogde kykergetalle, is die verbetering nie in die resultate van die huidige tydperk weerspieël nie, maar dit behoort die resultate in die oorblywende deel van die finansiële jaar positief te beïnvloed. Ondanks die verhoogde investering in plaaslike programinhoud en die daling in inkomste het e.tv steeds 'n positiewe resultaat in die tydperk onder oorsig behaal.

Die konsep van verhoogde keuse word 'n algemene kenmerk van Suid-Afrikaanse televisiekykers. Om kykers na die groepstal te lok, word e.tv se multikanaal-aanbieding, tans beskikbaar op die satellietplatform Openview HD, as die roete beskou vir kykers wat groter keuse verlang. eMedia verwag beter groei in die opneem van Openview HD-seinbokse in 2015/16 en gevolglik beter inkomste.

eNCA vertoon steeds sterk as die beste televisie nuuskanaal beskikbaar in Suid-Afrika, sover dit marktaandeel en inkomste betref, ondanks 'n verlangsamings in die lisensiefooi-inkomste wat van DSTV ontvang word.

DTT-uitsending is in 'n naderende fase van migrasie van analoog na digitale platforms. Sodra DTT geloods word, sal eMedia se multikanaal-aanbiedings op meer skerms as ooit tevore beskikbaar wees, wat na verwagting inkomste sal verhoog.

6. TESOURIE-AANDELE

Op 30 Junie 2015 is 2 169 558 Remgro gewone aandele (0.5%) as tesourie-aandele deur 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro gehou. Soos voorheen gerapporteer is hierdie aandele aangekoop ten einde Remgro se aandele-aansporingskema te verskans.

Gedurende die tydperk onder oorsig is geen Remgro gewone aandele aangekoop nie, terwyl 196 405 Remgro gewone aandele aangewend is ten einde Remgro se verpligting teenoor skema deelnemers, wie die regte wat aan hulle toegeken is uitgeoefen het, te vereffen.

Op 31 Desember 2015 is 1 973 153 Remgro gewone aandele (0.4%) as tesourie-aandele gehou.

DIREKSIE

Mnr Neville Williams, hoof van korporatiewe finansies en lid van die bestuursraad, is op 17 September 2015 aangewys om vir mnr Leon Crouse, wat teen einde Maart 2016 aftree, as hoof finansiële beampte op te volg.

REMGRO BEPERK

VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

Verklaring van Dividend Nr. 31

Hiermee word kennis gegee dat 'n bruto tussendividend van 185 sent (2014: 169 sent) per aandeel uit inkomstereserwes verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde, vir die halfjaar geëindig 31 Desember 2015.

Dividend-terughoubelasting van 15% of 27.75 sent per aandeel sal van toepassing wees, wat tot gevolg het dat die netto dividend 157.25 sent per aandeel is, tensy die betrokke aandeelhouer vrygestel is van dividend-terughoubelasting of in aanmerking kom vir 'n verlaagde koers ingevolge 'n toepaslike dubbelbelastingooreenkoms.

Die uitgereikte aandeelkapitaal op die verklaringsdatum is 481 106 370 gewone aandele en 35 506 352 B-gewone aandele. Die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9500-124-71-5.

Belangrike datums:

Laaste dag van verhandeling ten einde vir die dividend te kwalifiseer	Vrydag, 8 April 2016
Aandele verhandel ex dividend	Maandag, 11 April 2016
Rekorddatum	Vrydag, 15 April 2016
Betaaldatum	Maandag, 18 April 2016

Aandeelsertifikate mag nie tussen Maandag, 11 April 2016, en Vrydag, 15 April 2016, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of rematerialiseer word nie.

Ingevolge die bepalings van die maatskappy se akte van oprigting sal dividende slegs elektronies oorgeplaas word in die bankrekening van aandeelhouers, terwyl dividendtjeks nie meer uitgereik word nie. Indien aandeelhouers nie die oordragsekretaris van hulle bankbesonderhede voorsien nie, sal die dividend nie verbeur word nie, maar in die aandeleregister as "onopgeëis" gemerk word totdat die aandeelhouer die bankbesonderhede vir die uitbetaling daarvan aan die oordragsekretaris voorsien het.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Jannie Durand
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
14 Maart 2016

DIREKSIE

Nie-uitvoerende direkteure

Johann Rupert (*Voorsitter*), E de la H Hertzog (*Ondervoorsitter*),
J Malherbe (*Ondervoorsitter*), S E N De Bruyn Sebotsa*,
G T Ferreira*, P K Harris*, N P Mageza*, P J Moleketi*,
M Morobe*, F Robertson*, H Wessels*
(**Onafhanklik*)

Uitvoerende direkteure

J J Durand (*Hoofuitvoerende beampte*),
W E Bührmann, L Crouse

MAATSKAPPY-INLIGTING

Sekretaris

M Lubbe

Notering

JSE Beperk

Sektor: Nywerhede – Algemene Nywerhede

Sake-adres en geregistreerde kantoor

Millenniapark, Stententialaan 16, Stellenbosch 7600
(Posbus 456, Stellenbosch 7599)

Oordragsekretaris

Computershare Investor Services Eiendoms Beperk,
Marshallstraat 70, Johannesburg 2001
(Posbus 61051, Marshalltown 2107)

Ouditeure

PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Stellenbosch

Borg

Rand Aksepbank (’n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)

Webwerf

www.remgro.com

BYLAAG A

SAMESTELLING VAN WESENSVERDIENSTE

R miljoen	Ses maande geëindig	
	31 Desember 2015	31 Desember 2014
Voedsel, drank en huishoudelike sorg		
Unilever	307	195
Distell ¹	361	306
RCL Foods	582	473
Bankwese		
RMBH	979	950
FirstRand	407	397
Gesondheidsorg		
Mediclinic	787	670
Versekering		
RMI Holdings	455	549
Nywerheid		
Air Products	142	108
KTH	(260)	(62)
Total	51	(112)
PGSI	18	25
Wispeco	54	48
Infrastruktuur		
Grindrod	43	76
CIV groep	35	5
SEACOM	(28)	8
Ander infrastruktuurbelange	24	2
Media en sport		
eMedia	11	44
Ander media- en sportbelange	(39)	(33)
Ander beleggings	31	39
Sentrale tesourie		
Finansieringsinkomste	77	57
Finansieringskoste	(219)	-
Ander netto korporatiewe koste	(194)	(87)
Wesensverdiens	3 624	3 658
Gewegde aantal aandele (miljoen)	514.5	514.0
Wesensverdiens per aandeel (sent)	704.4	711.7

Aantekeninge

1. Sluit die belegging in Capevin Holdings Beperk in.

BYLAAG B

SAMESTELLING VAN INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

R miljoen	31 Desember 2015		30 Junie 2015	
	Boekwaarde	Intrinsieke waarde	Boekwaarde	Intrinsieke waarde
Voedsel, drank en huishoudelike sorg				
Unilever	3 411	9 444	3 384	8 688
Distell ¹	3 633	11 003	3 157	11 098
RCL Foods	7 771	9 679	7 346	11 514
Bankwese				
RMBH	12 754	22 102	12 267	26 409
FirstRand	4 500	9 314	4 300	11 720
Gesondheidsorg				
Mediclinic	20 464	48 815	13 227	36 727
Versekering				
RMI Holdings	7 184	17 407	6 717	19 096
Nywerheid				
Air Products	925	3 649	882	4 164
KTH	1 489	2 492	1 876	2 696
Total	1 360	1 493	1 428	1 785
PGSI	745	745	672	672
Wispeco	658	864	603	920
Infrastruktuur				
Grindrod	4 247	1 955	4 016	2 329
CIV groep	1 835	2 452	1 795	2 797
SEACOM	702	1 258	566	1 001
Ander infrastruktuurbelange	518	518	480	480
Media en sport				
eMedia	1 157	1 766	1 126	2 094
Ander media- en sportbelange	388	388	374	382
Ander beleggings	3 883	3 955	3 047	3 266
Sentrale tesourie				
Kontant by die kern ²	4 086	4 086	4 019	4 019
Skuld by die kern	(3 360)	(3 360)	-	-
Ander netto korporatiewe bates	2 273	2 659	1 832	2 224
Netto batewaarde (NBW)	80 623	152 684	73 114	154 081
Potensiële KWB-aanspreeklikheid³		(5 004)		(5 466)
NBW na belasting	80 623	147 680	73 114	148 615
Uitgereikte aandele na aftrekking van aandele teruggekoop (miljoen)	514.6	514.6	514.4	514.4
NBW na belasting per aandeel (Rand)	R156.66	R286.96	142.12	288.89

Aantekeninge

1. Sluit die belegging in Capevin Holdings Beperk in.
2. Kontant by die kern sluit uit kontant gehou deur filiale wat afsonderlik hierbo gewaardeer is (hoofsaaklik RCL Foods en Wispeco).
3. Die potensiële kapitaalwinsbelasting (KWB)-aanspreeklikheid is bereken op die spesifieke-identifikasietegniek deur gebruik te maak van die voordeligste berekening vir beleggings wat voor 1 Oktober 2001 verkry is en die korporatiewe vrystellingsbepalings word ook in ag geneem. Uitgestelde KWB op beleggings “beskikbaar vir verkoop” is onder “ander netto korporatiewe bates” hierbo ingesluit.
4. Vir doeleindes van berekening van die intrinsieke waarde, word ongenoteerde beleggings teen direkteurswaardasies aangetoon en genoteerde beleggings teen beurspryse.